
DIE SWART LUIPERD
no. 32
DIE GROOT VOËL STERF
braam le roux

Die Luiperdman swaai met sy rug na die twee manne toe en hy sien nie eens dat Monty en Rogers op hom aanlê nie. Die twee skote klap weer tegelyk en die Luiperdman voel die volgende oomblik hoe hy na benede stort. Oombliklik weet hy dat een van die manne, seker bloot per ongeluk, daarin geslaag het om die bobbejaantou morsaf te skiet.
Die Luiperdman kom op sy voete te lande maar die slag is so geweldig dat hy tog teen die grond neerval. In daardie oomblik hoor hy hoe die twee manne naderstorm en skree, maar gelukkig vir die Luiperdman het hy tussen die gras in geval. Hy rol dus vinnig onder die laaghangende takke van 'n wildevyeboom in en dan spring hy op sy voete en verdwyn dadelik weer in 'n boom.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Groot Voël Sterf | 3 |
| 2. | Verkoolde Lyke | 18 |
| 3. | Die Folterput | 31 |
| 4. | Bloed aan die Jagmes | 45 |
| 5. | Die Moordenaar vat Korrel | 54 |
| 6. | Die Kuil se Geheim | 65 |
| 7. | Hut van die Dood | 74 |
| 8. | Groen Bosse | 84 |


### Hoofstuk 1

# DIE GROOT VOËL STERF

Die Luiperdman sit hoog bokant die grond in 'n lowergroen wildevyeboom. Hy het sy luiperd-masker van sy gesig afgeskuif en sit nou heerlik en smul aan die doubenatte vrugte van die wildevyeboom. Die Luiperdman is honger, want van gister af het hy al ver deur die oerwoud getrek. 'n Masai-stam het moeilikheid gehad met 'n paar mensvreter-leeus, en toe het die hoofman vir die Luiperdgees laat roep. Die Swart Luiperd het 'n jaggeselskap georganiseer en binne een dag se tyd het hulle ses leeus afgemaak, ou leeus wat in die afgelope tyd net van die sagte vleis van mensekinders geleef het. En nou keer die Luiperdman weer huiswaarts. Hy het vannag in hierdie boom oornag. Dit was egter reeds middernag verby toe hy hier aangeland het. Hy het in die maanlig ver getrek voordat hy hom hier in die ou wildevyeboom ter ruste begeef het. Hy was toe te moeg en afgemat om aan slaap te dink, en het hier in die mik gou aan die slaap geraak, met sy twee gespikkelde maats, Simson en Spikkels, hier reg onder hom teen die boomstam.

Die Luiperdman slaap in die reël nooit tot ná sonop nie, maar vanoggend was die son alreeds 'n paar minute op voordat die Luiperdman hom lank uitgerek het, toe effens orent gekom het oor die vlaktes heen gestaar het na die hoë berge in die weste. Simson en Spikkels het hom met 'n gegrom begroet en toe dadelik vertrek om 'n bokkie vir oggendete te gaan vang. Dit het die Swart Luiperd daaraan herinner dat hy ook honger het, en nou sit hy van die wildevye en eet. Hy vind dit aangenaam en heerlik terwyl hy homself in die sonlig koester en na die verre berge kyk waar hy gister gejaag het.

Terwyl hy daar rustig sit en eet, baljaar die blouapies in dieselfde boom. Die meeste van hulle is bekend met die tweebenige Luiperdgees wat kom en gaan, maar tog een van hulle bly. In die nabyheid van die Luiperdman voel hulle veilig, en die Luiperdman weet ook dat as daar iets verdags in die omgewing moet wees, hierdie apies

hom betyds en luidkeels sal waarsku.

Die Swart Luiperd hou die klompie nou al 'n hele rukkie dop. Hulle is baie bedrywig en vlieg in en uit in en uit by 'n groot skeur in 'n rots in die nabyheid van die boom Die Luiperdman weet sommer dat daar heerlike stukke heuning in daardie klipskeur moet wees, en toe hy klaar aan die wildevye gekou het, klim hy uit die boom, stoot sy masker weer oor sy gesig en beskou die bedrywige bytjies.

,,Na so 'n lang ruk sonder heuning sal julle koeke lekker smaak,'' dink hy by homself, en nie te lank nie of sy hande kom die vet heuningkoek by.

Die bye soem boosaardig om hom heen, maar kry geen plek waar hulle die Luiperdman se vel kan bykom nie. Die Luiperdman haal die heuning ook so behendig uit dat hulle byna geen steekkans kry nie, en waar hulle hom raaksteek, daar voel hy dit nie eintlik nie, want sy liggaam is gebrei teen hierdie geniepsige insekte se angels. Dit is asof hy onvatbaar is vir die flou giffies wat hulle in die bloedstroom probeer inspuit. Dit moet ook so wees, want die Luiperdman het al die adder se gif te bowe gekom. Dit is nog net die mamba wat hy hoef te vrees.

Met twee heerlike stukke heuning gaan hy nou op 'n klip sit en begin daaraan te smul. Hy is nie lank alleen nie, want die blouapies het hom daar by die klipskeur afgeloer en nou kom hulle ook piepend nader om 'n bietjie van die soetgoed in die hande te kry.

,,A-nee-a, haal vir julle self uit,'' berispe die Luiperdman hulle, maar die outjies word nie so maklik van stryk gebring nie. Hulle word astrant en gryp van die koeke uit die Luiperdman se hand. Die Luiperdman glimlag agter sy masker en laat dit maar toe. Hy hou van hierdie boomklimmertjies met hulle byna menslike geaardheid.

Binne enkele oomblikke is die vet heuningkoeke met was en al verslind, en net voordat die Luiperdman orent kom, kom Spikkels en Simson hier uit die bosse aangesluip. Tussen Simson se twee voorpote sleep 'n dooie Thomsongasel. Die Luiperdman hou die twee dop toe hulle begin vreet. Spikkels en Simson sal hulle prooi nooit vreet waar hulle hom gevang het nie. Hulle sleep hom na hulle tweebeenmaat toe, want hulle weet dat hy miskien ook 'n





happie sal wil hê om oor die kole te braai. Die Luiperdman het hom egter reeds tot versadiging toe aan die wildevye en die heuning geëet en daarom kan hy nou net rustig toekyk en wag dat hulle klaar maak voordat hulle weer begin trek. . . terug na Sonet en Bennie wat vir hom in die donker woud in een van hulle boomhuise wag.

Die Luiperdman staan nou luilekker in die sonlig en rek hom uit en dan kyk hy skielik vinnig op na die blou lug bo waar daar geen enkele wolkie te bespeur is nie. Hy hoor nou al lank hierdie soemende gedreun, maar eers het hy gedink dat dit die ontevrede bye by die klipskeur is, maar nou weet hy dat dit nie die bye is nie. Dit is 'n vliegtuig wat nader kom. Hy kan dit aan die gedreun hoor.

Hy kyk stip die lugruim in en dan sien hy dit eindelik. Die strale van die son blink op die vlerke van die groot vliegtuig. Aan die dreuning weet die Luiperdman dat dit nie sommer 'n klein vliegtuigie is nie. Dit moet 'n grote wees. Daar gaan nie 'n week verby of die Luiperdman hoor hierdie vliegtuiggedreun nie. Dit is al 'n bekende geluid vir hom en die diere van die oerwoud. Maar telkens as daardie gedreun nader kom, word die Luiperdman verbouereerd, kompleet soos die diere, al is hulle die geluid teen hierdie tyd al gewoond, want die lugruim bokant die oerwoud is die roete tussen beskaafde lande. Die Luiperdman kry egter 'n soort paniekbevange gevoel, want dit is asof die gedreun van hierdie groot voël vir hom simbolies is van die vandalisme van die beskawing. Dit is vir hom 'n voorbode van die dinge wat kom—die beskawing van die mensheid hier in die bosse, hier in die oerwoud. Die verwoesting van die natuur, die nabyheid en die innigheid van die primitiewe. Die Luiperdman is 'n mens van die natuur, hy is 'n man vir die oerwoud, vir die ongereptheid van dit wat mooi en blywend is. Hy vlug vir die rumoer van groot stede, van oorbeskawing, van die onderduimsheid van mense. Hier in die oerwoud is die lewe gans anders. As hier onderduimsheid heers en as selfsug sy kop af en toe hier uitsteek, kan 'n mens wed dat dit onder die invloed van die beskawing gebeur het.

'n Vliegtuig se gedreun is dus altyd vir die Luiperdman 'n waarskuwing dat die verwoestende effek van die beskawing net oor die

berge lê.

Hy kyk op na die vliegtuig, en die blouapies draai hulle koppies koddig om ook iets daar in die blou ruim te kan sien. Weldra word die vliegtuig groter en groter en die dreuning dieper. Dit word soos die gegrom van 'n draakagtige ding wat agter die gesigseinder opvlieg om te kom kyk wat daar te verslind is hier tussen die bosse, waar nog net die natuurwette van toepassing is.

Die Luiperdman kan nou sien dat dit 'n groot blink vliegtuig is. Die wild begin skrik vir die gedreun bokant hulle en vlug voor die masjien uit.

Dit klink vir die Luiperdman nou kompleet of die gedreun al harder word en asof die vliegtuig se neus effens geval het, asof die groot blink voël aan die daal is.

Skielik grom die vliegtuig gevaarlik. 'n Oomblik later duik dit grondwaarts. Dit kom egter weer op, maar begin onheilspellend huil. Dit gaan of die vliegtuig enige oomblik as gevolg van daardie gedreun uitmekaar kan bars.

Die vliegtuig styg nou en sy gegrom bly diep en vreesaanjagend. Die Luiperdman kry dadelik die gevoel dat daardie vliegtuig in die moeilikheid is. Geen loods wat by sy sinne is, sal hier oor 'n onherbergsame oerwoud kom toertjies uithaal nie. Daar moet fout wees.

Net vir 'n paar sekondes word die vliegtuig se snoet waterpas gehou, maar in daardie paar sekondes sien die Luiperdman tot sy verbasing hoe twee gestaltes byna gelyktydig uit die vliegtuig spring. Hulle val teen 'n verbasende snelheid, maar 'n oomblik later gaan die valskerms op hulle rugge oop en sweef hulle soos twee groot paddastoele na benede. Nou begin die vliegtuig allerhande manewales uithaal terwyl die motore skree en raas en die oerwoudstilte ineens laat weergalm van die donderende geluid van die beskawing.

Selfs die Luiperdman wat maar min van vliegtuie weet, kan nie nou meer daaraan twyfel dat die vliegtuig in gevaar verkeer nie. Dit is duidelik dat die groot voël weldra in die oerwoud sal neerstort. Die Luiperdman hardloop vinnig vorentoe. Hy sien hoe die twee figure met die wit valskerms na benede sweef. Daar is nie 'n wind





wat hulle skuins druk nie, en die Swart Luiperd skat dat hulle waarskynlik tussen die digte bosse naby die rivier te lande gaan kom. As hulle in die rivier gaan val, sal dit klaarpraat met hulle wees, redeneer hy. Hulle sal dan daarin geslaag het om aan die dood uit die lug te ontsnap slegs om miskien 'n wreder dood in die water te sterf, want die Gomka-rivier wemel van die krokodille om nie van die astrante seekoeie te praat nie.

Die Luiperdman hardloop vir driehonderd tree vir so al wat hy werd is. Simson en Spikkels het hulle oggendmaal net so half gevreet onder die wildevyeboom laat lê en pyl agter hulle tweebeenmaat aan. Die Luiperdman hou die twee valskerms sowel as die vliegtuig beurtelings dop. Die vliegtuig skiet nou die lug in en gons oor 'n bergagtige strook anderkant die rivier. Die Luiperdman kan nie begryp waarom die ander persone wat waarskynlik in die vliegtuig moet wees, nie ook uitspring nie. So 'n groot vliegtuig vervoer tog nie net twee passasiers nie.

'n Honderd tree van die Gomka-rivier af sien die Luiperdman hoe die twee gestaltes aan die valskerms tussen die groen bosse insak. Hy kan hulle hoor skree, en hy lei daarvan af dat die twee nie verwag het om op soveel bosse af te kom nie. Of miskien gaan een van hulle in die rivier afdaal. Die Luiperdman weet egter al klaar dat as hulle in die rivier moet val, hy nie betyds gaan wees om hulle uit te kry voordat die krokodille hulle bydam nie. Hy spring egter weer weg en hardloop, maar toe hy vyftig tree van die rivier af is, hoor hy skielik 'n oorverdowende gedonder soos die groot silwer voël anderkant die rivier neerstort. Die weerklanke slaan teen die rotsrante vas en dein oor die bosagtige omgewing. Binne enkele oomblikke sien die Luiperdman vlamme wat die lug in opskiet.

Hy aarsel egter nie maar stryk aan na die plek toe waar hy die twee mense met die valskerms tussen die bosse sien inval het. Net 'n paar oomblikke ná die ontploffende slag sak daar 'n doodse stilte oor die oerwoud neer. Dit is of alles in 'n heilige vrees verkeer en te bang is om te roer, asof die rivier se water ineens gestol het, so drukkend stil word dit. Hierdie eienaardige stilte heers egter net vir enkele sekondes, dan hoor die Luiperdman 'n bloedstollende gegil. Dit is duidelik die vreesbevange kreet van 'n mens.

Die Luiperdman storm tussen die woudreuse in.

Hy vorder egter net 'n paar tree, dan sien hy die man wat hier bokant hom in die boom hang. Die valskerm is in die takke vasgevang, en die persoon hang tussen hemel en aarde. Hy sien die Luiperdman egter nog nie raak nie, want hy sukkel om die wit doek uit die boomtakke uit los te ruk sodat hy verder kan val. So naby is die Luiperdman egter aan hom dat hy die man hard en gejaagd kan hoor asemhaal. Hy merk egter dadelik dat hierdie man in elk geval veilig is. Hy kan dus nie hier vertoef nie. Dit is seker hierdie man se maat wat so benoud geskree het.

Hy vleg derhalwe dieper die bos in en kyk vinnig om hom heen. Daar is egter geen spoor van die ander persoon te sien nie, en boonop het dit doodstil hier in die bos geword. Die Luiperdman beur egter nog vorentoe, totdat hy die water van die Gomka hier voor hom sien. Hy gaan staan stil en trek sy asem diep in. Die ander persoon hang oor die water. Hy skop en gaan te kere. Sy valskerm het ook in 'n boom vasgehaak, maar die Luiperdman sien dadelik dat hy maar sowat twee meter bokant die watervlak is. Drie-vier eienaardige skurwe koppe wag reg onder die spartelende man. Hy klou vir lewe en dood aan die toue vas wat van die wit doek af neerhang. In 'n oomblik sien die Luiperdman dat sy toestand haglik is. Die valskermdoek is reeds verskeur en dit is duidelik dat dit op die punt is om verder te skeur, en dit sal beteken dat die arme man al laer en laer sal sak, totdat die kake van die drie krokodille hom verbrysel. Die Luiperdman hoor ook hoe hy na sy asem snak.

Die Luiperdman beweeg weer vorentoe, maar die man wat oor die water hang, het hom nog nie bespeur nie. Die Luiperdman het reeds agtergekom dat as daardie krokodille net 'n bietjie moeite wil doen en spring, hulle die man bokant hulle sou kon raak hap. Gelukkig vir die man is die krokodille bra dik gevreet en gaan hulle nie nou moeite maak om weer aan die vreet te gaan nie. Die Luiperdman weet egter dat die skurwe koppe daar lui op die water sal lê totdat hulle honger word, of totdat die voete van die man laer skop. Hulle gaan nie in hierdie stadium moeite doen om vir 'n stukkie vleis te spring nie, maar as dit in die rivier stort voordat die hongertyd aangebreek het, sal hulle oombliklik skoonskip maak





van hierdie spartelende wese bokant hulle.

Geruisloos bestyg die Luiperdman die boom waarin die man vasgehaak het. Nog sien die ongelukkige man hom nie, maar die valskerm-man probeer nou om sy rewolwer uit sy leersak aan sy sy in die hande te kry. Die Luiperdman weet egter goed dat dit hierdie vreemdeling nie gaan help om van die krokodille dood te skiet nie. Dit gaan die ander net aanlok, want krokodille kom dit gou agter as daar van hulle soort in die water dood lê, en dan haas hulle hul almal na daardie plek toe. Dit sou dus beter wees as die man glad nie skiet nie. Die Luiperdman klouter dus al vinniger, en so behendig en geruisloos doen hy dit dat die vreemdeling nog nie agtergekom het dat daar iemand in die takke bokant hom is nie.

Die man sukkel nog steeds om sy rewolwer in die hande te kry, en net toe hy dit uitpluk, skeur die valskerm verder en sak hy goed 'n halwe meter na die krokodille toe. Die man skree weer bloedstollend, maar op daardie oomblik het die Luiperdman die tou bokant die vreemdeling vasgegryp en nou begin hy hom optrek. Die Luiperdman lê op sy maag op 'n dik dwarstak, en stadig lig hy die man hoër en hoër op. Die spiere bult op sy arms uit en dit lyk asof die donker hemp wat sy spiere bedek, enige oomblik kan skeur.

Tot die verbasing van die man word hy al hoër en hoër gelig, weg van die gulsige krokodille af. Die man verrek sy nek om boontoe te kyk, maar skielik sug hy verlig. Hy sien die Luiperdman nog nie op die dwarstak raak nie.

„Soe, dit was 'n noue ontkoming, Rogers! Kon jy nie eerder gekom het nie? Jy was. . . jy was ook net betyds. . ." begin hy uitasem praat, en nog steeds verrek hy sy nek om te sien waar sy maat dan vastrap om hom so op te trek.

Hy begin egter snaaks voel, want hy het nooit geweet dat Rogers so sterk is om sy 95 kilogram so maklik omhoog te hys nie. Skielik sien hy die Luiperdman egter op die dwarstak, en hy sien sy gespierde arms wat hom vinnig aan die tou trek. Die vreemdeling se hand duik vinnig af na sy rewolwer toe en hy kry dit in die hande. Die Luiperdman sien die gevaarlike wapen in die vreemdeling se hand, maar hy verwag nie dat die persoon na sy weldoener gaan

skiet nie. Die Luiperdman vergeet egter altyd dat sy mondering vrees verwek, veral die tiermasker wat sy hele gesig bedek. Voordat die Luiperdman 'n waarskuwing kan uitskree, klap die skoot, maar gelukkig tref die koeël 'n tak en gelukkig kan die man nie na behore mik nie.

Die Luiperdman laat dadelik die tou los. Die man gil. Dit is asof hy vir 'n oomblik glad nie verstaan waarom hy nou weer waterwaarts val nie, en dit is ook nie asof hy besef dat dit juis daardie gedrog op die tak is, wat hom van die krokodille af weggetrek het nie. Die tou ruk weer reguit en breek amper onder die man se swaar gewig. Benoud kyk die vreemdeling na die krokodille wat nou nie ver onderkant hom is nie. Hy begin nou tegelyk te kerm en te skree en trek sy bene op sodat die krokodille dit nie kan raakhap ingeval hulle miskien besluit dat dit nou tyd is om hierdie stukkie vleis in die kake te probeer kry nie.

Met die vinnige val water toe het dit dinge vir die vreemdeling nog verder vererger, want sy rewolwer het in die rivier geval. Al skietding wat hy nou het, is die geweer oor sy skouer, wat hy onmoontlik in die hande kan kry.

Uit die bosse kom nou die geroep van sy maat.

,,Wat is daar met jou aan die gang, Monty?''

Die stem weerklink onaards en so anders hier tussen die bosse dat Monty sy vriend, Rogers, se stem nie dadelik herken nie. Hy verrek sy nek om die Luiperdman weer in die oog te kry, en dan kyk hy ook af na die krokodille wat nou ewe skielik bedrywig geword het.

,,Ek is al byna dood! Hoekom help jy my nie? Ek hang oor die rivier en die krokodille kan te eniger tyd spring en gryp! Terselfdertyd wag 'n gedrog hier in die boom vir my! Kom tog in hemelsnaam!''

Die Luiperdman begin die komedie te geniet. Hy lag gedemp agter sy masker en kyk af na die hulpeloos swaaiende gestalte. Hy is egter van plan om die man 'n les te leer voordat hy hom weer begin optrek. Hy weet dadelik dat dit kreature uit 'n oorbeskaafde land is wat hier uit die lug geval het, want hulle skiet sommer, sonder om daaraan te dink dat selfs 'n dier sy lewe liefhet. Toe





Monty se hees geskree tussen die bosse verdwyn, skree Rogers weer terug:

,,Maar ek kan jou nie help nie! Ek hang 25 meter bokant die aarde! Ek kan nie op nie en ook nie af nie! Ek dag jy ken die oerwoud! Hoekom het ons hier afgespring?''

,,Moet my nie nou verwyte toeslinger nie, Rogers! Kom help my liewer of ek is krokodilvoer. En. . . en hierdie ding hier bokant my in die boom!''

,,Hou uit, Monty!'' skree Roger. ,,Hou uit!. . . Jy kan nie nou sterf nie, noudat die fortuin myne is nie! Jy moet my nog eers veilig uit die oerwoud kry. Byt vas, Monty!''

Agter sy masker frons die Luiperdman sy voorhoof. Hierdie twee manne praat snaakse dinge. Dit lyk vir hom nou meteens asof hulle glad nie inderhaas van die vliegtuig af gespring het nie. Dit lyk asof hulle hul deeglik voorberei het om af te spring, want hulle kom uit die lug tot die tande toe gewapen en elkeen met 'n rugsak toegerus. Hulle lyk nie soos twee manne wat ternouerdood aan die dood ontsnap het nie. Hulle het hulle klaar gemaak om hier af te spring. Die Luiperdman is ineens baie meer geïnteresseerd.

Monty wil weer iets terugskree, maar hy skrik hom byna boeglam toe die gedrog hier bokant hom begin praat.

,,As jy nie na my geskiet het nie, was jy alreeds in veiligheid. Wat het jou besiel om my te probeer skiet?''

In plaas van om hom te antwoord, staar Monty met groot oë oorbluf na die swart gedrog hier bokant hom. Die Luiperdman kan die vrees duidelik op die man se gesig sien. Hy steur hom nou nie meer aan die krokodille nie, want dit is nou skielik of hy in die Luiperdman bokant hom 'n groter gevaar sien. In plaas van die Luiperdman te antwoord, skree hy weer hees en trillend:

,,Rogers! . . . Rogers! . . . Ek weet nie of ek siek is nie, maar ek... ek hoor dinge wat nie kan waar wees nie! Hier is 'n afskuwelike ding in die boom! Dit. . . dit lyk na 'n . . . hemel ja, 'n luiperd, 'n swarte, maar die ding. . . die ding het bene en hande soos 'n mens... en . . . en die ding praat, die ding praat Engels!''

Rogers skree terug:

,,Dan is jy seker sieklik van vrees! Ruk jou reg!''